# 4 Augustus 2023 - Lesing 91 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die weg tot onder die kruis – 12/12/58

**NO: 7228** Julle mense moet julle blik op die kruis rig om die weg op aarde te gaan, beantwoordend aan die doel daarvan, **om altyd korrek <u>gelei te word</u> deur Hom wat aan die kruis Sy Bloed vergiet het vir julle sondes**. JaHshua Messias Self wink julle vanaf die kruis, want slegs onder Sy kruis kan die sondelas gedra word, wat Hy ook vir julle tot niet gemaak het deur Sy dood. **Slegs onder Sy kruis** sal julle van julle sondelas vry kan word, wat soveel wil sê as dat julle **die verlossingswerk sal moet erken** en dus ook die Goddelike **Verlosser Self**, in wie God se Liefde die werk van erbarming volbring het, deur te sterwe vir die mense en die oerskuld tot niet te maak.

Van hierdie sonde kan geen mens vry word wat niks van JaHshua Messias wil weet nie, wie die **menswording van <u>God in JaHshua</u> nie aanvaar nie**, wie dus nie vir JaHshua Messias erken as God se Seun en Verlosser van die wêreld nie.

Die mens moet weet en glo dat een Mens Homself uit oorgrote Liefde aan die kruis laat vasslaan het vir Sy medemense en dat in hierdie Mens JaHshua die ewige Liefde **Hom Self beliggaam het**, dat die Liefde dus vir julle mense gesterf het en hierdie Liefde was God/ Ekohim Self. Die ewige Liefde - God/Elohim Self - daal af na die aarde en **gaan woon in die Mens JaHshua**, in Wie daar ’n Liggees was. En nou lê die Mens JaHshua 'n onuitspreeklike bittere lydensweg af, wat geëindig het met Sy smartlike dood aan die kruis.

Solank die menswording van God/Elohim nie vir julle mense verstaanbaar is nie, sal julle ook nie lewend kan glo in JaHshua Messias en Sy verlossingswerk nie. **Maar daar moet ook liefde in julself wees** om ’n dergelike kennis te kan glo wat ooreenstem met die waarheid.

En om hierdie **liefde te lewe** was die inhoud gewees van die leer wat die Mens JaHshua op aarde gepredik het. Sy oorgrote Liefde wou vir julle mense ly en sterf, om julle te verlos. Maar ook julle moet julle nou aansluit by Sy lewe in Liefde. Julle moet Hom navolg. Julle sou eweneens moet **strewe na ’n lewe in liefde** om dan deelagtig te kan word aan die verlossingswerk.

Want eers deur ’n lewe in liefde word die kennis in julle oor die werk van erbarming tot 'n lewende sekerheid, dat julle verlos is, **as julle dit self sal wil en julle julleself oorgee aan die Goddelike Verlosser JaHshua Messias,** wanneer julle dus die weg inslaan tot onder Sy kruis.

Die geloof in Hom sal julle ook na Hom toe dryf. **Julle sal God/Elohim Self in Hom herken** en Hom aanroep om erbarming en vergewing van julle skuld. Julle sal Hom vra om genade, wat Hy vir julle deur Sy dood aan die kruis verwerf het.

Julle sal weet dat julle nie meer reddeloos aan die vyand oorgelewer is nie, maar dat Een julle van hom kan en wil vrymaak, wanneer julle julself aan hierdie Een toevertrou.

Maar wie by die kruis verbygaan, wie nie in Hom glo en ook geen innerlike band met Hom tot stand gebring het nie, **hulle is nog net so ver van God verwyder as by hul val in die diepte**, ook wanneer hulle reeds die graad van ontwikkeling as mens bereik het.

Maar eers die **vrye beslissing** vir JaHshua Messias is die beproewing van die wil wat deurstaan moet word en wat hy as mens moet aflê. En as hy geen enkele band met JaHshua Messias het nie, dan is sy oerskuld nog nie van hom afgeneem nie, - wat hom ver wegdring van sy God en Skepper, **Wie in JaHshua Messias as Vader herken en erken wil word**.

Hy het sy blik nog nie na die kruis gewend nie. Vir hom is die kruis geen teken wat maan om na God terug te keer nie. Hy glo nie in die werk van verlossing nie en die oerskuld belas hom nog sodanig, **dat hy 'n geheel duistere gees het en niks kan insien nie**, omdat sy wil daartoe ontbreek.

Hy het egter, net soos elke ander mens, geleentheid om na te dink oor die Mens, Wie Homself aan die kruis laat vasslaan het vir Sy medemens. Want die kennis daaroor word aan elke mens toegevoer, maar die **mens moet ook self sy standpunt teenoor hierdie kennis inneem**. En sy ingesteldheid beslis nou of hy dan wel verlos van die aarde afgaan en of hy nog ewighede gekluisterd sal bly wanneer hy hierdie aarde moet verlaat.

Maar tot by sy dood bly daar tyd oor vir sy verlossing, dit wil sê: **vir die regte ingesteldheid teenoor JaHshua Messias en Sy verlossingswerk**. En tot by sy dood, sal die kruis sigbaar vir hom wees. Steeds weer sal dit in sy gesigsveld kom. Steeds weer sal dit hom innerlik na die kruis dryf, indien hy homself nie sal verweer en wegvlug van die kruis af nie.

Want Hy wat aan die kruis gesterf het, lok die mense onophoudelik om na Hom te kom onder Sy kruis en daar die sondelas af te lê, om nou vry en verlos verder sy weg te kan gaan en ten slotte deur die poort die ligryk binne te gaan, wanneer die uur van die dood vir hom gekom het.

**Dan eers sal die mens opstaan tot lewe**. Sy siel sal verrys tot lewe, **sy sal die dood nie smaak nie**, want sy is verlos van sonde en dood, van smarte en lyding. Sy het vry geword van haar skuld en keer nou vir ewig terug in haar Vaderhuis, want sy het die dood oorwin, dus ook die skuld wat sy gehad het aan haar val in die diepte. Amein.